# HOËRSKOOL MONUMENT
# OMSENDSKRYWE 30 MEI 2011

**Geagte Ouers/Voogde/Leerders**

Aan die einde van die tweede kwartaal wil ek namens die personeel en beheerliggaam van Monnas, u as ouers hartlik bedank vir 'n baie besige en suksesvolle halfjaar wat akademie, sport en kultuur betref. Ons vertrou dat elke leerder die **<u>erns</u>** van die eksamen sal besef en **<u>genoeg tyd aan voorbereiding sal bestee</u>**.

## A. <u>FINALE EKSAMENREËLINGS</u>

**Vir u gerief bring ek die volgende eksamenreëlings onder u aandag :**

1. Elke leerder is reeds in besit van 'n eksamenrooster. Vergewis uself asseblief daarvan.
2. ALLE leerders - graad 08 tot 12 - begin op 01 Junie 2011 met eksamen.
3. Gedurende die eksamen begin die skool om **08:00**.
4. **Leerders MOET reeds om 07:45 by die betrokke lokale aanmeld** sodat die sessie stiptelik om **08:00** kan begin.
5. **<u>Graad 10 – 12</u>** : Die tweede sessie begin 'n halfuur na afloop van die eerste sessie. Leerders moet ook **15 minute** voor dié sessie reeds by die lokaal aanmeld.
6. **<u>Graad 8 en 9</u>** Skooltyd gedurende eksamen : **07:45 - 11:00** - Studie en eksamen<br>**11:20 - 12:30** - Addisionele studie
7. **SLEGS** 'n **MEDIESE SERTIFIKAAT** word as verskoning vir 'n afwesigheid van 'n vraestel aanvaar. 'n leerder wat afwesig is moet binne **DRIE DAE** persoonlik 'n reëling met sy/haar vakonderwyser tref indien 'n vak nie geskryf is nie.
8. Kleredrag tydens eksamen : **skooldrag**.
9. Alle leerders studeer tuis en kom slegs skool toe om eksamen te skryf.<br>Dit sluit die leerders uit wat bloktyd inboet a.g.v. oortredings. Mnr Hannes Maartens sal hierdie reëlings hanteer.
10. Indien daar ouers is wat probleme voorsien met toesig by die huis gedurende die eksamentyd, kan daar met die skool gereël word dat die leerders wel skool toe kom. Daar sal daagliks toesig wees vanaf 08:00 tot 12:30. Skakelpersoon is me Hanlie Vahrmeijer.
11. Koshuisleerders sal ook 'n vaste studieprogram volg.

## B. <u>BUSVERVOER</u>

Vanaf 01 Junie 2011 verander die bustye om by die eksamentye aan te pas.
Kontakpersoon : mnr Frank Swanepoel – (011) 953-1165.

## C. <u>GRAAD 9-AANLEGTOETSE</u>

- Word afgelê op 23 Junie 2011 vanaf 07:30 tot 13:00 in die Martin Brinksaal. Wees asseblief **<u>stiptelik</u>**.
- Indien daar leerders is wat nog moet betaal, kan hulle dit gedurende hierdie week of selfs die Donderdag-oggend betaal (R30).
- Bring asseblief 'n **potlood**, **pen** en **uitveër** saam.

## D. <u>GHOLFDAG : DINSDAG 21 JUNIE 2011</u>

Vir ALLE Monnas gholfspelers en -ondersteuners.
Monnas bied 'n gholfdag aan op Dinsdag, 21 Junie 2011 by die Krugersdorp Gholfbaan.
Inskrywings is as volg :

| | |
|---|---|
| 1. **Borgskap per putjie**<br>(Sluit 'n gratis vierbal in)<br>In ruil vir u borgskap word u advertensie by die putjie, oefensetperk of onthaal geplaas, 'n advertensie in die program, publisiteit in die plaaslike koerant en erkenning by die onthaal gegee. | **R2500** |
| 2. **Kompetisiefooi** | **R1800** per vierbal<br>(Halfweg-ete en -foto van vierbal ingesluit.) |
| 3. **Afslaantyd** | **10:30** |
| 4. **Kompetisie** | ***Betterball Stableford*** |
| 5. **Inskrywingsvorms** | Besprekings sluit een week voor die kompetisie - inskrywingsvorms is by Hoërskool Monument beskikbaar. |

U kan ook by hierdie projek betrokke raak deur pryse vir die gholfdag te skenk. Indien u enige navrae het, kan u mnre **Schalk Reynders 0832807971**, **Wynand Moolman 0828287164** of **Tertius Fourie 0832121531** kontak.

By voorbaat baie dankie vir u belangstelling en positiewe ondersteuning

**E. NUPOWERREEKS**

- Ná afloop van 'n uiters suksesvolle NuPowerreeks, wil ons alle betrokkenes – leerders, afrigters en ouers – hartlik bedank vir 'n reuse spanpoging.
- Dié reeks wat vanaf 12 Maart – 14 Mei 2011 geduur het, het vele hoogtepunte opgelewer en ons is uiters tevrede met die finale uitslag, waar Monnas algeheel tweede geëindig het uit die 16 topskole in Gauteng, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga.
- Monnas verwerf die volgende medaljes :

**Landloop : goud**
**Rugby : goud**
**Hokkie : silwer**.

Ons sien uit na die res van die jaar se sport- en kultuuraktiwiteite en nooi ALMAL om betrokke te raak.

Vir kontroledoeleindes vra ons u om asseblief die **onderstaande skeurstrokie** te voltooi en op **31 Mei 2011** na die skool terug te stuur.

Monnasgroete

…………………
**J P DU TOIT**
**SKOOLHOOF**

## SKEURSTROKIE

Hiermee gee ek, ouer/voog van ……………………………………………………………………….. ………….. graad ………
toestemming dat hy/sy by die HUIS/SKOOL ***(onderstreep asseblief)*** studeer gedurende bloktyd.

Ek is bewus van die tydsduur van die vraestelle soos op die eksamenrooster uiteengesit.

**HANDTEKENING VAN OUER OF VOOG** **DATUM**

................................................................…... …………………………….

**OMSEND.178/sk**

# MONUMENT HIGH SCHOOL
# CIRCULAR 30 MAY 2011

**Dear Parents/Guardians/Learners**

On behalf of the staff and governing body, I would like to thank all parents at the end of the second term for a busy and successful period as far as academic, sport and culture are concerned. We trust that each learner is aware of the **seriousness** of the exams and that they will spend **enough time preparing for it.**

## A. FINAL EXAM ARRANGEMENTS

**For your convenience I would like to bring the following exam arrangements to your attention :**

1. Each learner has received an exam timetable. Make sure that they have one.
2. The exam commences on 01 June 2011 for ALL learners – grades 8–12.
3. The school starts at **08:00** during the exam.
4. **Learners MUST report at the various classrooms at 07:45** in order for the session to start at **08:00**.
5. **Grade 10 - 12** : The second session starts a half an hour after the first session.
   Learners must also report at the classrooms **15 minutes** before this session starts.
6. **Grade 8 + 9** School hours during exams : **07:45 - 11:00** - Study and exams
   **11:20 - 12:30** - Additional study
7. a **MEDICAL CERTIFICATE** will be the **ONLY VALID EXCUSE** for failing to write any exam paper. A learner who was absent during the exam has to personally make alternative arrangements with his/her subject teacher within **THREE DAYS**.
8. Dress code during the exams : **school uniform.**
9. All learners study at home and come to school only when they write exams.
   Learners who have to sacrifice swotting time due to offences will be excluded. Mr Hannes Maartens will be responsible for these arrangements.
10. Should parents foresee a problem with supervision at home during the exams, they can arrange that the learners come to school. There will be daily supervision from 08:00 - 12:30. Contact person is Ms Hanlie Vahrmeijer.
11. Hostel learners will also follow a fixed study programme.

## B. BUS TRANSPORT

From 01 June 2011, the bus times will be adjusted to exam times.
Contact person : Mr Frank Swanepoel – (011) 953-1165

## C. APTITUDE TESTS : GRADE 9

These are taken in the Martin Brink Hall from 07:30 to 13:00 on 23 June 2011. Please be **punctual**.
Learners who have not yet paid, could pay during this week or even on that Tuesday morning (R30).
Please bring along a **pencil**, **pen** and an **eraser**.

## D. GOLF DAY : TUESDAY 21 JUNE 2011

For ALL Monnas golf players and supporters.
Monnas hosts a golf day at the Krugersdorp Golf Course on Tuesday 21 June 2011.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | **Sponsorship per hole**<br>(Includes a free four-ball)<br>In return for your sponsorship we will advertise your company at the hole, on the driving range, in the programme, local newspaper and acknowledge you at the reception function. | **R2500** |
| 2. | **Competition fee** | **R1800** (Halfway meal and photo of four-ball included.) |
| 3. | **Tee off time** | **10:30** |
| 4. | **Competition** | **Betterball Stableford** |
| 5. | **Entry forms** | Entries close one week before the competition - entry forms available at Monument High School. |

You could also become involved with the project by donating prizes. For any enquiries please contact **Messrs Schalk Reynders 0832807971, Wynand Moolman 0828287164**or **Mr Tertius Fourie 0832121531.**

Thank you for your interest and positive support.

## E. NUPOWER SERIES

- After a very successful NuPower Series we would like to heartily thank all parties involved – learners, coaches and parents. It was a huge team effort.
- The series which ran from 12 March to 14 May 2011 yielded many highlights and we are extremely satisfied with the final results which put Monnas in overall second place out of the 16 top schools in Gauteng, North West, Limpopo and Mpumalanga.
- Monnas received the following medals :

**Cross Country : gold**
**Rugby : gold**
**Hockey : silver**

We look forward to the rest of the year's sport and culture activities and invite everybody to get involved.

For control purposes we would like you to complete the tear off slip below and return it on 3**1 May 2011**.

Monnas regards

................

**J P DU TOIT**
**PRINCIPAL**

**TEAR OFF SLIP**

I………………………………………………………….. parent/guardian of ……………………………………………………………..

grade………., hereby give permission that he/she can study at **HOME/SCHOOL** ***(underline please)*** during cramming time. I am aware of the duration of exam sessions as indicated on the exam timetable.

**SIGNATURE OF PARENT OR GUARDIAN** **DATE**

...................................................................…… ……………………………

**OMSEND.178/sk**